



O.B. IN VREDESTYD GESTIG: TAAK LÊ NOG VOOR

Ek het 'n paar dosyn klein kommando-vergaderings toegesprek in die afgelope tyd, het mnr. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier in Kaapland, aan Die O.B. verklaar en besoek gebring aan die generaalskappe van Malmesbury, Ceres, Worcester, Heidelberg, Caledon, Stellenbosch, Bellville en Paarl om kontak te maak met die offisiere en brandwagte van ons Beweging. En ek is dankbaar om te mag getuig dat ek oral in sterk kern van O.B.-lede aangetref het wat vasberade is om die stryd in die Ossewabrandwag voort te sit vir die republikeinse doelstellings en bestemming van ons volk.

Mnr. Laubscher het gesê dat die O.B. nie alleen 'n republikeinse beweging is met diep wortels in die tradisie van ons volk nie, maar die O.B. is ook 'n moderne beweging wat deeglik bewus is van die eise wat die Twintigste Eeu aan die Afrikanervolk en sy leiers stel.

Hoewel die O.B. vandag nie meer die massabeweging is wat dit vroeër was nie, het die O.B. die toonaangewende republikeinse organisasie van die Afrikanervolk geword. Trouens die O.B. is die enigste organisasie wat 'n vergesig het van die selfstandige republikeinse koers wat die Afrikanervolk in die na-oorlogse wêreld moet volg.

Ek dink daar is veral drie punte wat O.B.-lede op my vergaderings by hernuwing getref het.

NIE OORLOGSE STIGTING

Eerstens, dat die O.B. in 1938, 'n vredesjaar, gebore is, en nie na 1939, in 'n oorlogsjaar nie. Dat die O.B. derhalwe nie 'n afgeronde oorlogstaak gehad het nie, maar 'n voortdurende vredestaak het.

Tweedens, dat die verkiesingsoorwinning van 'n paar jaar gelede opgevolg moet word anders gaan dit doodloop in toekomstige nederlaag.

En derdens, dat die verenigde Afrikanervolk 'n leidende rol te speel het op die vasteland van Afrika en dat hierdie rol alleen gespeel kan word wanneer Suid-Afrika die Britse konneksie verbreek en 'n republiek buitekant die Statebond word.

Rooi Uitlatings Van Minister

Op 11 Januarie 1938 het die huidige Britse minister van oorlog, John Strachey, in die New York Times geskryf: „Soos alle Sosialiste glo ek dat die Sosialistiese Maatskappy mettertyd uitloop op die Kommunistiese Maatskappy.”

'n Paar weke gelede het Strachey in 'n toespraak verklaar dat „Sosialisme se grootste triomf nog moet volg.”

Die blad Union verklaar na aanleiding van hierdie twee uitlatings dat Strachey se posisie as minister van oorlog uiters twyfelagtig word as hy nou nog praat van die groter triomf wat voorlê, en sy geskryfte van 1938 'n aanduiding gee van wat daardie triomf eintlik is.

ORGANISASIE

Mnr. Laubscher het voorts gesê dat die offisiere oral hard besig is om hul eenhede op te bou. Met behulp van die gesinsvorme wat in die kommando sirkuleer is hulle besig om elke O.B.-huisgesin as sodanig te registreer by die hoofkantoor sodat voortaan intensiewe gesinsvoortligting verstrekkend kan word as aanvulling van die voortligting wat die plaaslike offisiere gee.

Ek is baie trots op die leierkorps wat die O.B. hier in Kaapland opgebou het, het mnr. Laubscher gesê. Van bo af tot onder uit het die O.B. 'n stel leiers wat vir geen alternatiewe of mededingende stel hoef terug te staan nie. En hierdie leiers lei in die regte rigting en is vasberade om voort te gaan op hul ingeslane koers. Hierdie manne en vroue is die ruggraat van die O.B. en die verspreide ankers van hul volk, op hulle bou die O.B. die toekoms.

Oudtshoorn is verklaar tot 'n deur droogte geteisterde gebied. Drie groot bergbrande wat in die afgelope weke daar gewoed het, het nog verder bygedra tot die haglike toestand.

Die besef dat die parlementêre demokrasie as gevolg van die partypolitieke stelsel besig is om in te tuimel, is verlede week in 'n hoofartikel deur die Cape Argus uitgesprek na aanleiding van 'n uitlating van mev. Ballinger waarin sy waarsku dat die huidige bewind op 'n eenparty-stelsel afstuur deur geleidelike inkorting van die magte van die parlement.

Die Cape Argus is eerlik genoeg om te erken dat hierdie inkorting van magte reeds tydens die vorige bewind ontstaan het en dat dit eer-

O.B. TOON WEG NA HERVORMING TYDIG AAN

Die oortuiging dat die senaat geen nut vir ons wetgewing meer het nie, vind in steeds wyer wordende kringe inslag, en in die afgelope week is reguit menings oor hierdie aangeleentheid in twee Afrikaanse koerante uitgesprek — die een 'n onafhanklike en die ander 'n blad van die Herenigde Party.

In sy uitgawe van 25 Junie publiseer Dagbreek 'n aantal menings van parlementslede, onder wie ook 'n senator, oor die noodsaaklikheid om die senaat deur 'n beter instelling te vervang. Die oortuiging is algemeen uitgesprek dat die huidige senaat niks anders as 'n duplikaat van die volksraad is,

en dus geen aanvullende rol in die wetgewing vervul nie. Een lid het hom ten gunste verklaar van 'n tweede kamer waarin die verskillende ekonomiese en beroeps-belange van die land verteenwoordig kan word, terwyl 'n ander selfs die noodsaaklikheid bepleit dat die hele parlementêre stelsel 'n hervorming kan ondergaan waarin minder tyd gemors en 'n meer doelmatige prosedure gevolg word.

BLOTE EGGO

Op 27 Junie het ook Die Burger in 'n onderhoofartikel die mening kaalkop gelug dat die senaat niks meer as 'n blote eggo van die volksraad is nie en dat aandag aan die posisie geskenk behoort te word voordat die publiek in opstand raak daarteen.

Die blad verklaar onder meer: „As die Senaat ooit 'n huis van hersiening was, het dit intussen nie meer as 'n blote eggo

EGIPTE DINK OOK AAN AFRIKA

In die manifes van die Ossewabrandwag word die Afrikanervolk bewus gemaak van sy roeping in Afrika en word die volk voorberei om in terme van die Afrikaanse vasteland te dink. Hoe nodig dit is blyk o.a. uit die betekenisvolle woorde wat die Egiptiese eerste minister, Nashed Pasha, onlangs in Kaïro uitgesprek het. Hy het gesê:

„Egipte het nog nooit vergeet dat hy 'n deel van Afrika is nie en dat die Afrikaanse vasteland groot moontlikhede het wat nie algemeen besef word nie en ook nie ontwikkel word nie. Dit is 'n geweldige groot vasteland met onmeetlike rykdomme. Ongelukkig het die mededinging van heersende imperialistiese lande 'n treurige toestand van morele en materiële verwarring meegebring.

„Is die Afrikaanse vasteland vandag in staat om sy bestemming te bereik en 'n inheemse eenheid op te bou ten spyte van die aanwesigheid van belang-

hebbende buitelandse en imperialistiese moondhede? Ek dink so, maar dis 'n langgerekte taak.”

Hy het voorts gesê dat kontinentale bondgenootskappe gesluit moet word en het doeltreffende spoorverbinding tussen Kaapstad en Kaïro bepleit.

Die Egiptenaar beskou gelykstelling — verwydering van alle rasse-diskriminasie — as die basis van die vasteland se eenheid en ontwikkeling. Die O.B. daarenteen beskou dat aparte blanke en nie-blanke state daardie basis moet wees.

Parlement Aan Verval Weens Partystelsel

der toegeskryf moet word aan die „gedissiplineerde partystelsel.”

Die opskrif van die artikel lui „Die Verval van die Parlement” en na verwysing na mev. Ballinger se uitlating skryf die blad:

„Alle groot en gapende verspoelings begin met 'n klein en onsigbare vernieling. Dit is waar dat die parlement die afgelope twee jaar besig was om vinnig terug te val van sy ware funksie. Lede van die regerende party het die raad binnegekom nie om die vraagstukke en gevare van die volk ernstig te bespreek nie, maar om hulself saam te stel in gedissiplineerde falanks wat gereed staan om die kabinetsministers toe te juig. Die stem van die volk in die forum van die volk is verdoof deur die geluid van verdelingsklokke wat ooreenkomstig die

valbyl en die eise van debatsluitings gelui word . . .

„Maar dit is slegs billik om te sê dat die verval wat mev. Ballinger waarnaem, reeds ingetree het voor die opkoms van die huidige regering. Die diepere oorsaak lê in die politieke heiligsverklaring van die kabinet en sy saamstellende ministers. Die strenge gedissiplineerde partystelsel het van gewone parlementslede berge van uitvoerende gesag gemaak. In die proses het burgers hul vryheid om hul sake voor die houe te bepleit, verloor. Die gevolg is dat die land nie deur die parlement — dit wil sê die wil van die volk — regeer word nie. In hul verhewe en ontoeganklike ampte en in die toetsel van die tsaredom wat aan hulle so geredelik geskenk word deur onderdanige partyvolgelingen, vaardig ministers hul bevelskrifte uit waarteen daar geen hoër beroep is nie.”

van die Volksraad geword nie; en die vraag is of die land 'n tweede Volksraad begeer dan wel of ons wetgewende stelsel nie veel beter daarsonder kan klaarkom nie.

PARTYMANNE

„Die ontwikkeling of verworping was moontlik onvermydelik. Tot die Senaat word meestal goeie partymanne gekies; na die jongste algemene verkiesing het enkele verslane Sappkandidate met lange jare van diens in die Volksraad 'n politieke heenkome in die Senaat gevind, en dit sou inderdaad vreemd wees indien hulle alle wetgewing, soos dit wyse raadsmanne en oudstes van die volk betaam, nou aan nugtere, deeglike en veral objektiewe ondersoek sou onderwerp . . . Van die oorspronklike bedoeling van kalme en rustige hersiening het inderdaad nie veel oorgebly nie . . .

VREES PUBLIEKE OPSTAND

„Dit is tyd dat ons goeie parlementariërs aandag aan die posisie van die Senaat begin skenk, voordat die publiek in opstand geraak teen 'n liggaam wat nie sy behoorlike plek in ons wetgewende masjien inneem nie. Dis nou eenmaal nie moontlik om alle senatore te beweeg om hul werk anders op te vat nie. Doen hulle dit, sal hul partygenote in die Volksraad waarskynlik kla dat hulle in die steek gelaat is. Enige hervorming kan alleen tot stand kom deur die wese van die Senaat self ingrypend te verander.”

O.B. SE LEIDING

Op Saterdag, 24 Junie, het die uitvoerende raad van die Ossewabrandwag in sy manifes die noodsaaklikheid beklemtoon dat die senaat vervang moet word deur 'n raad van beroeps- en bedryfsverteenwoordigers, sodat die ekonomiese belange van die volk ook verteenwoordiging kry, en daarmee die weg vir die nodige hervorming aangeui — 'n weg wat in beginsel reeds deur die wetgewers van die Suid-Afrikaanse Republiek onder pres. Paul Kruger aangetoon is met die instelling van 'n „Tweede Volksraad” wat belas was met die voorbereiding van nywerheidswetgewing onderhegig aan finale goedkeuring deur die „Eerste Volksraad.”

Hoofrabbyn Begin Ywer Vir Christus

Die voormalige hoofrabbyn van die Hongaarse Jodedom, Dan Zion, wat tans in Israel woon, is deur die ministerie van godsdienstige sake afgedank en sy pensioen teruggetrek omdat hy Christus begin verkondig het, volgens 'n berig in die Jewish Herald. Die hoofrabbyn, wat in 1949 na Palestina gekom het, het in die openbaar verklaar dat hy aan Christus glo en dat elke Jood hom ook behoort aan te neem. Dit het nie net by uitlatings gebly nie. Hy het 'n hele propaganda-veldtog aan die gang gesit en selfs briewe aan die Joodse parlement gerig.

'n Ondersoek is deur die hoofrabbyne van Tel Aviv gelas en die minister van godsdienstige sake het hom afgedank en die geringe pensioen wat hy ontvang het, ingetrek. Die berig meld dat sy ekonomiese posisie haglik is.

Die prys van tee het 'n paar pennies gedaal en daar word verwag dat dit nog laer sal daal. Rede hiervoor is 'n daling van die markprys in Ceylon.

DIE O.B., WOENSDAG, 5 JULIE 1950

EENMALIGE KANS VIR ONSE VOLK

Vir diegene wat oë het om te sien en ore om te hoor, is dit by hierdie tyd duidelik dat die wêreld op die drumpel van 'n nuwe toekoms staan. Die ou demokraties-kapitalistiese eeu soos ons dit onder die Britse bedeling geken het, is vir goed verby. Die blote feit dat die regering van ons land 'n wet tydens die afgelope sitting deurgevoer het wat 'n verwerping van die demokratiese beginsel van persoonlike vryheid bevat — die wet naamlik teen die Kommunisme — is genoegsame bewys van voornoemde stelling.

Maar ons sien die daeraad van hierdie nuwe wêreld ook in die beweging wat in Europa aan die gang is tot groter eenheid. Frankryk en Duitsland wat eeue lank die Europese geskiedenis gevorm het met hul onderlinge stryd wat deur Brittanje op listige wyse tot versterking van sy eie posisie uitgebuit is, is besig om die strydbyl te begrawe en Wes-Europa is aan die vervloei tot 'n nuwe eenheid. Inderdaad is ons van hierdie geslag besig om veranderinge in die wêreld te aanskou wat in die verre toekoms as 'n keerpunt vergelyk sal word met die herlewering uit die Middel-eeue, die sogenaamde Renaissance.

Te midde van hierdie geboorte-woelinge het elke volk en selfs elke enkeling 'n plek en 'n taak, en dit is daarom verblydend dat die O.B.-leiding op so 'n duidelike wyse die plek en taak van die Afrikanervolk aangetoon het in sy onlangse manifest. Soos dit op enige gebied gaan, is dit die man of volk wat eerste op die toneel verskyn, wat eerste is om die toekoms moontlikhede van 'n toestand te deurgrond, wat dit die versterking bring. En dit is dus van lewensbelang dat ons volk se oë vroegtydig gevestig word op die nuwe omstandighede wat nuwe geleenthede bring — geleenthede wat aangegryp kan word tot onberekenbare voordeel of nagelaat kan word tot onherstelbare nasionale skade.

En wat is hierdie geleenthede en wat vereis hulle?

BLOKVORMING

In die eerste plaas word dit duidelik uit die gebeurtenisse in Europa dat daar 'n blokvorming aan die gang is. Nie meer nasionale state nie, maar kontinentale state is besig om te verrys soos dit reeds in Amerika, die „nuwe wêreld“ van die vorige eeu, gestalte aangeneem het. En die toonbeeld van krag wat hierdie magtige staat vandag is, onderstreep juis die noodsaaklikheid van 'n dergelike beleid in ander dele van die wêreld — Europa en Afrika. Die Afrikanervolk is die baanbreker in Afrika wat sedert sy vroegste geskiedenis sy omgewing en sy toekoms so suiwer aangevoel het dat die beleidsbeginsels, byvoorbeeld ten opsigte van kleurverhoudings, wat in sy verre verlede neergelê is, vandag die praktiese beleid is wat deur die inheemse blanke bevolking tot anderkant die ewenaar aanvaar of minstens bely word. Dit spreek dus vanself dat hierdie volk die grootste en deurslaggewende bydrae tot die ontwikkeling van Afrika moet lewer, maar dan moet hy los kom uit die Britse Ryk sodat hy 'n swaartekrag-punt van sy eie kan ontwikkel waartoe die kleinere buurstate steeds meer aangetrokke sal word. Die Britse Empire is 'n kunstmatige sameskoling van volkere, en soos sir Oliver Franks, Britse gesant in Washington, 'n week of meer gelede gesê het, is Brittanje die brandpunt van hierdie volkegroep sodat sy beleid dus uit die aard van die omstandighede deurslaggewend moet wees, en Suid-Afrika noodwendig die tweede viool moet speel.

EENDRAGTELIKE OPTREDE

Maar in die tweede plaas is dit gebiedend noodsaaklik dat Suid-Afrika sy eie huis in orde bring vir die taak wat wag. In 'n historiese tydsgewrig soos hierdie kan ons nie bekostig om ons energie te verkwis met onderlinge twistes nie. Die stryd tussen Boer en Brit moet beëindig word sodat die Britse elemente in die noordelike gebiede minder agterdogtig teenoor die Afrikaner sal staan. En hierdie stryd kan so maklik tot bedaring gebring word as ons maar net die partypolitieke blaasbalk opsy wil stoot. Die Engelse Suid-Afrikaner het reeds ver op die pad van Suid-Afrikaanse nasionalisme gevorder. Hulle het reeds die Afrikaner se segregasie-beleid aanvaar, en selfs die jingo waag dit nie meer openlik om Britse bo Suid-Afrikaanse belange te bepleit nie. Die stelling „Suid-Afrika eerste“ wat minder as veertig jaar gelede nog die grootse beroering in ons land veroorsaak het, het ook al vandag in Engelse kringe aksioematers geword. As ons verder let op die vordering van Afrikaans as taal, dan hoef daar geen twyfel te bestaan oor die karakter van die toekomstige Afrikanervolk nie.

Groot is dus die geleenthede wat wag om aangegryp te word, maar klein die hoop solank ons voortgaan om deur middel van die partypolitieke die onderlinge stryd lewendig te hou — 'n stryd wat geheel en al sinloos is omdat dit nooit beslis word met die partypolitieke rotasie-gang wat elke agt of tien jaar die teenparty aan bewind stel nie.

Vir hierdie taak wat wag op ons volk, is dit nodig dat ons die regeringstelsel in werking bring wat hierin ons land geskep is en dus net so aanpas by ons omstandighede as die segregasiebeleid wat deur ons voorouers ontwerp en later deur die Engelse ook aanvaar is. Laat die liberalistiese be-

(vervolg in volgende kolom)

EEN HOOFSTAD EERS AS ONS MONDIG WORD

So pas het daar weer 'n groot eksodus plaasgevind. Die parlement was in Kaapstad byeen, o.a. om te verneem dat daar besuinig moet word. Nou is daar weer verskuif na Pretoria teen 'n groot koste om te gaan besuinig. Hierdie trek word gewoonlik vooruitgegaan deur 'n wittrein met die Goewerneur-generaal, dan volg 'n bloutrein met die ministers en parlementslede en uiteindelik 'n „zoo“-trein met die staatsamptenare. So teen Januarie is die reis weer terug Kaapstad toe, Junie weer Pretoria toe. So het dit al vir veertig jaar gegaan en so sal dit nog onbepaald voortduur, want die Unie het twee vlae, twee tale, tweedrag en twee hoofstede.

Telkens word daar gevra waarom die Unie nie een amptelike hoofstad kan hê in plaas van twee nie. Telkens is die antwoord: ja, maar watter een? 'n Hoofstad is 'n belangrike saak, omdat dit gewoonlik die middelpunt vorm, nie net van die staatsgesag nie, maar ook van die volk se tradisie, kultuur en geskiedenis. Dink maar aan London en die Britse Ryk, Parys en Frankryk. Hoe moet Berlyn nie dieselfde lot ondergaan as die hele Duitsland nie! Sels na 2,000 jaar is Israel net tevrede met Jerusalem as hoofstad en wil van geen plaasvervanger weet nie. Dink aan Rome en Athene. As 'n mens aan die hoofstad van die V.S.A. dink, kan jy dwarsdeur die jaar aan Washington dink — in Suid-Afrika moet jy egter beurtelings aan Kaapstad en Pretoria dink.

DIE KEUSE

Vir alle praktiese doeleindes kan die keuse van 'n toekomstige hoofstad as 'n keuse tussen Kaapstad en Pretoria beskou word. Die een het reeds 'n Parlementsgebou; die ander 'n Uniegebou. Aangesien die Parlementsgebou die kleinste van die twee is, moet Pretoria die voorkeur geniet. Dis makliker om die Parlement na Pretoria te skuif as, om dit so uit te druk, Pretoria na die Parlement te laat gaan.

Aangesien die Parlementsgebou nie met 'n towertapyt na Pretoria verskuif kan word nie, sal 'n nuwe te Pretoria gebou moet word. Dis net daar wat die lolly sal begin.

Wanneer 'n sodanige gebou opgerig moet word, sal die argitek strewende om dit verteenwoordigend te maak van die kultuur en tradisie van die volk van Suid-Afrika. Met die oprigting van die Voortrekkermonument het die betrokke argitek byvoorbeeld iets van die piramide en iets van die Simbabwe ingewerk omdat altwee hierdie motiewe uit Afrika afkomstig is. Daar verskyn afbeeldings van Suid-Afrikaanse diere en Suid-Afrikaanse mense terwyl die reglynige en sirkelvormige lyne van ons natuur ook in die gebou sy weerklink vind. Alles moes sover moontlik inheems wees.

BOTSING

Dit spreek vanself dat ook met die oprigting van 'n gebou vir 'n eie Suid-Afrikaanse wetgewende liggaam getrag sal word om dit 'n eie Suid-Afrikaanse karakter te gee ooreenkomstig die beste Suid-Afrikaanse tradisie.

Die gebou moet egter ook aanpas by die regeringvorm van die dag, nl. die parlementêre en sal dus verteenwoordigend moet wees van die konstitusionele geskiedenis en die beste tradisies van die volk van Groot-Brittanje — die land waarvandaan die

(vervolg van vorige kolom) leid met sy partypolitieke spel maar gerus die monopolie van Engeland bly. Ons gaan 'n nuwe eeu tegemoet en vir die nuwe omstandighede het ons nuwe middele nodig. En die bydrae van die Ossewabrandwag tot die nuwe toekoms is juis dat hy daardie nuwe middele aan ons volk bekend en desnoods ter hand stel.

parlementêre stelsel hiernatooorgeplaas is. Net soos vandag mag daar seker klein afwykings wees. Die Lord Chancellor kan maar seker die President van die Senaat genoem word en hy kan seker ook maar op 'n stoel sit in plaas van op 'n sak wol. Nietemin sal die argitek die

Deur
A. J. van Rooy

Suid-Afrikaanse Parlement so Brits moontlik moet maak om dit so parlementêr moontlik te kry en dit tegelykertyd so Suid-Afrikaans moontlik moet maak om dit verteenwoordigend te maak van die Volk van Suid-Afrika. Die argitek sal dus in 'n dilemma beland.

MEER PASLIK

Tot tyd-en-wyl ons die mate van mondigheid bereik het dat ons regeringvorm 'n eie Suid-Afrikaanse karakter het, sal ons hierdie moeilikheid nie kan oplos nie, en sal die Parlement maar in Kaapstad moet bly. In Kaapstad het tot dusver die volle konstitusionele proses volgens Britse model geskied: eers kroonkoloniale bestuur, toe verteenwoordigende bestuur, toe verantwoordelike bestuur en toe selfbestuur.

In Kaapstad het na Unifikasie die geskiedenis van die Kaap-provinsie ook die geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika geword — tot vandag toe. Hier sal ons die beste Brits-Afrikaanse tradisie kan voortsit op die beste Britse manier — totdat ons die dag mondig geraak het en besluit dat in Suid-Afrika 'n regeringvorm volgens Suid-Afrikaanse model volg verreweg die beste sal wêes.

NA PRETORIA

Dan sal ons ook vir die laaste keer kan wegtrek van Kaapstad na Pretoria — die stad van oom Paul — wat dan weer die setel sal wees van 'n groot Suid-Afri-

kaanse republiek, met 'n regeringvorm geskoei op die lees van die enigste state wat ooit 'n werklike Suid-Afrikaanse karakter gehad het: die republieke van die Transvaal en Oranje-Vrystaat.

En indien ons nou swaar moet betaal vir die jaarlikse verskuiving tussen die twee hoofstede, moet ons dit maar beskou as skoolgeld wat ons sal moet bly betaal totdat ons groot genoeg is om ons eie regeringvorm te besit.

VERJAARDAG- KETING

JUNIE

- 28 Niel Malan, Hugenoot. Johanna Nieuwehout, Vryburg.
- Marietjie Weideman, Cradock.
- Martie Venter, Mooi-nooi.
- 29 Johan v. Wiellich, Paarl. Johanna Beyleveld, Paarl.
- Dorothea Welthagen, Mooi-nooi.
- 30 Martha Rossouw, Wellington. Hester du Toit, Cedarville. Freda Louw, Paarl.
- Johanna Strydom, Oudtshoorn.
- Anna Kilian, Middelburg.

JULIE

- 1 Ria Scholtz, Loxton. Johan Sharp, Oudtshoorn. Wilhelmus du Toit, Matootster.
- 2 Rian Wolfaardt, Paarl. Elizabeth Boshoff, Calitzdorp. Heinrich Boshoff, Calitzdorp. Jurgens Hanekom, Paarl. Georgie Weideman, Cradock.
- 3 Anna Stassen, Wellington. Lena Lubbe, Marchand. Petro Roux, Franschhoek. Cecilia de Klerk, Matootster.
- 4 Johanna Niehaus, Wellington. Esther du Toit, Paarl. Charles Faull, Kanoneiland. Dirkie van Wyk, Mooi-nooi. Ruth Prinsloo, Saulspoor.

GEBIED C (VRYSTAAT) HOU 'N GROOT SAMETREK-KING OP MOOI EILAND, (K.G. SE PLAAS) MAANDAG, 7 AUGUSTUS 1950 VANAF 7 VM. ALLE BELANGHEB-BENDES WORD HARTLIK UITGENOOI.

Op 8 Augustus herdenk ons die dag waarop ons Volk in beweging gekom het. Kom vind weer besieling uit die verlede vir die toekoms.

Op 8 Augustus is daar weer geleentheid om die vriendskapsbande te verstewig.

Op 8 Augustus vier ons weer Ossewabrandwagdag om aan vriend en vyand te toon dat die Ossewabrandwag nog daar is en dat sy roeping en taak nog volbring moet word.

Op 8 Augustus 1938 is die Ossewabrandwag uit die Ossewatrek gebore, die Volksbeweging van die Afrikanerdom wat onstuitbaar voortbeweeg na 'n vrye-onafhanklike Christelike Republiek. Dit was hierdie ineens verhelderde visioen van 'n ou Volksideaal wat die hele Afrikanervolk gedurende die Eeufeestrek in 1938 met soveel geesdrif en nuwe veragting besiel het en wat tot so 'n verbrede nasionale herlewering, eenheidstrewende en daadkrag in daardie tyd gelei het. Ons mag hierdie verwagtinge nooit ontken of verrydel nie.

Op Maandag, 7 Augustus (vakansiedag) word 'n groot sametrekking op Mooi Eiland (K.G. se plaas) gehou. Die sametrekking neem die vorm van 'n funksie aan, gereël deur die Ossewabrandwag van die Vrystaat, waar vanaf 7 vm. verkopings, kompetisies, boeresports, ens. sal plaasvind.

**KOM SEKER!
BRING U VRIENDE SAAM.**

KOM VROEG!

Brief Aan My Partyvriend:

Goeie Wetgewing, Maar Vir Hoe Lank?

Geagte Vriend,

Jy vra my of ek tevrede voel met die afgelepe parlementêre sitting. Ja, ek wil dadelik erken dat die nasionale koalisie-bewind veel meer uitgerig het as wat 'n mens in die omstandighede, veral as gelet word op hul geringe meerderheid, van hulle sou verwag het.

Daar is veral vier maatreëls waarvoor hulle hoë lof verdien: die anti-kommunistiese wet, die wet op Suid-Afrikaanse burgerskap, die groepsgebiede-wet en die afskaffing van die appèl na die Britse Geheime Raad. Veral die eerste en die laaste is dinge wat al lank op die bors van die Afrikanerdom gedruk het. Maar wat my net so tevrede stel as die wetgewing self, is die blyke van gevorderde nasionalisme wat van Engelse kant in hierdie verband geopenbaar is, en ek wil so ver gaan om te beweer dat as dit nie vir hierdie faktor van onderliggende volksondersteuning was nie, sou hierdie wette sekerlik nie op die wetboek geplaas gewees het nie — daarvoor is die partypolitieke stelsel 'n te gebrekkige instrument.

GOEDKEURING

Jy sal onthou dat toe die regering vir die eerstemaal sy maatreël op burgerskap afgekondig het, 'n groot deel van die Engelse pers daar geen fout mee gevind het nie. Hulle het na die ander dominiums verwys waar wette van hierdie aard reeds in swang was. Dit was eers toe die Opposisie ter uitoefening van sy betaalde plig teen die maatreël in verset gekom het, dat die Engelse pers en 'n deel van die Engelse bevolking daarteen begin raas het. In die geval van die afskaffing van die appèl na die Geheime Raad was die ondersteuning so wyd dat selfs die Opposisie nie gewaag het om daarteen te stem nie. Dit was aan 'n paar natuurlike-vertegenwoordigers oorgegaan om teen die maatreël te stem.

AANVAAR AFRIKANER SE STANDPUNT

Die ander twee maatreëls was so na die wens van die hele

blanke bevolking dat die opposisie innerlik verskeurd was daarvoor — hy het nie geweet of hy durf waag om te opponeer en hoever hy met sy teenstand kon gaan nie. Uit Engelse Natal het selfs 'n afvaardiging na die Minister gekom om hom van hul ondersteuning te verseker in die geval van die groepsgebiedewetsontwerp.

As in aanmerking geneem word die ingrypendheid van hierdie maatreël en die geringe teenstand wat dit in die breë lae van die blanke bevolking uitgelok het, dan stem dit tot groot vreugde en ook nadenke. Dit is duidelik dat die Engelsprekende in die land die gedagtes van die Afrikaner begin aanvaar. Hulle is al meer nasionaalgesind as 'n tien of twintig jaar gelede en wat kleurbeleid betref, staan hulle vir die grootste deel op die Afrikanerstandpunt.

NADENKE

Daarom sê ek dat ek nie net bly is oor die wetgewing van die regering nie, maar ek is veral bly dat dit die dieperliggende eenheid in Suid-Afrika tot openbaring gebring het. En dan stel ek my die vraag: As ons dan reeds die mate van eensgesindheid bereik het dat die amptelike opposisie met sy wortels in die Engelse groep dit nouliks meer kan waag om ingrypende wetgewende maatreëls te opponeer soos sy konstitusionele plig van hom vereis, wat kan ons as volk nie bereik nie indien ons 'n regeringstelsel het waarin die nadruk eerder op die punte van ooreenkoms as op die punte van verskil gelê word! Wat kan ons nie bereik nie indien geen gehuurde opposisie in die pad van Afrikaans-Engelse samewerking ten opsigte van ons groot landsvraagstukke staan nie! So groot is die eenstemmigheid binne die blanke bevolking dat die opposisie nie eers meer ten volle daarin slaag om 'n deel van die volk teen die regering in verset te bring nie. In die geval van die groepsgebiede-maatreël het Natal die opposisie gesystap en agter die regering gaan staan. Hoeveel meer sal nie agter die regering gaan staan indien daar geen betaalde opposisie is wie se werk dit is om 'n deel van die volk teen die regering op te rui nie!

BAIE MAKLIK

Man, kan jy dan nie sien watter geleentheid daar gebied

word in 'n staat waarin die Britse partystelsel met sy verdeelende werking nie meer bestaan nie? En die beste van alles is dat daar selfs meer Engelse vir hervorming van die staatsstelsel gevind sal word as vir die voornoemde wetgewing van die regering. Jy kan maar met elke Engelsman wat jy ontmoet praat en hy sal met jou saamstem dat die partypolitiek nie deug nie. Met behoorlike voorligting en met die nodige takt kan die noodsaaklike hervorming teweeggebring word net so maklik en met net soveel ondersteuning as byvoorbeeld die afskaffing van die appèl na die Geheime Raad.

Dan sal ons politiek weer bestendigheid kry en ons land sal 'n vaste koers kan inslaan sonder dat die vrees gedurig bestaan dat 'n toekomstige regering gedane sake weer ongedaan sal maak. Dit het my byvoorbeeld getref om verlede week te lees dat dr. Malan in 'n personderhoud te Port Elizabeth verwys het na die moontlikheid dat die werk van die afgelepe sitting weer afgebreek kan word deur 'n nuwe bewind:

„'n Sap-regering mag hier na, as hulle weer aan bewind mag kom, deur lakse administrasie die krag daarvan (die nuwe wetgewing) breek, maar dit herroep sal hulle nie durf nie”. Aldus dr. Malan.

BLY PARTYBELEID

Omdat die volk die dinge begreep, sal die nuwe bewind nie kan waag om dit openlik te herroep nie, maar hy kan dit kragteloos maak omdat hy beleidsgebonde is om dit teen te staan. Maar as daar geen „amptelike opposisie” was nie en ons 'n ware volksregering gehad het, sou daar geen sprake gewees het van herroeping of selfs van kragteloosmaking nie. En hoeveel te meer sal ander belangrike sake ten opsigte waarvan

(Vervolg in volgende kolom)

Brittanje Staan Bont Oor Sy Statebond

Wrevel in Amerika oor die Britse teenstribbeling om deel te neem aan die Schuman-plan vir die vereniging van Europese swaar nywerhede het die Britse politici in die moeilikheid laat beland. Aan die een kant is Brittanje nie bereid om saam te gaan nie omdat hy vrees dat dit sy Empire in die gedrang kan bring, en aan die ander kant kan hy dit nie waag om die plan teen te staan nie uit vrees dat Amerika sy Marshall-beursie sal toeknip. Hy probeer nou op twee stoele sit deur 'n vrome seën oor die Europese eenheidsbeleid uit te spreek sonder om homself daarmee te kompromitteer.

Oor hierdie lakse houding is die Britse regering voorverlede week deur Amerikaanse senatore tot rekenskap geroep, met die gevolg dat die Britse ambassadeur, sir Oliver Franks, 'n verduideliking probeer gee het in 'n brief aan Paul Hoffman, administrateur van die Amerikaanse Marshall-hulpplan. In die brief erken Franks dat Brittanje besorgd is oor sy Empire. Dit lui onder meer:

„Die beleid van die Britse regering is om met die ander Wes-Europese lande saam te werk en hom saam met hulle vir eenheid in Europa te beywer. Op grond van die geskiedenis en sy aardrykskundige ligging is so 'n beleid vir Brittanje lewensnoodsaaklik. Maar Brittanje is die brandpunt van die Statebond, en die instandhouding daarvan is, na ons mening, nie net vir sy lede nie maar vir die hele

(Vervolg van vorige kolom)

die opposisie wel nog slaag om 'n deel van die volk in verset te organiseer, dan nie aangepak en deurgevoer kan word nie!

Nee, man, ek gee krediet aan die regering vir die goeie dinge wat hulle verrig het, maar ek sal veel gelukkiger voel as ek geweet het dat daardie dinge nou landsbeleid is en nie meer net party-beleid wat deur die „alternatiewe regering” oor 'n paar jaar weer kragteloos gemaak kan word nie.

vrye wêreld van lewensbelang. Dit is slegs as brandpunt van die Statebond dat Brittanje sy volle bydrae tot Europese herstel en eenheid kan lewer.

LEWENSBELANGRIK

„Brittanje is 'n maatskappij van wêreldwye belange, verantwoordelikhede en verbintenisse. Net soos samewerking met sy Wes-Europese bure, en die kragdadige bevordering van eenheid in Europa lewensnoodsaaklik vir Brittanje is, is sy bande in die Statebond en die Atlantiese gemeenskap lewensbelangrik.

„Brittanje se buitelandse beleid is gegrond op en put sy krag uit hierdie lewensbelangrike verhoudinge met Europa, die Statebond en die Atlantiese gemeenskap. Die doel van die Britse beleid is om die verhoudinge met mekaar te versoen sodat hulle mekaar gedurig versterk en krag en vindingrykheid tot die vrye wêreld bydra.”

Die Buro vir Standaarde is besig om vas te stel watter uitwerking 'n oorskakeling na die tiendelige muntstelsel op die rekenmasjiene sal hê wat vir die doel gebruik word. Die grootste struikelblok in die pad van die oorskakeling van ons huidige Britse muntstelsel na 'n tiendelige stelsel, wat baie eenvoudiger is, is die hoë koste verbonde aan die verandering van die rekenmasjiene.



RONDE Kommando
20
SONDER-
KURK OF GEWOON

In naam en tradisie 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret

10 vir 6d. 20 vir 1/-
50 vir 2/4



BEROEMD en WELBEKEND
oor die 66 jaar vir
BESTE WAARDE
in
KLAVIERE
VLEUELKLAVIERE
HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte **MUSIEKINSTRUMENTE** en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — **DRAADLOOSTOESTELLE**
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:
WAPENS
PATRONE, Jagbenodigdhede, **VERKYKERS**, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir
YSKASTE • **ELEKTRIESE STOWE** • Elektriese Artikels
R. MÜLLER (Eiens.) BPK.
Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

NEL.—Aan Jan en Anna (gebore Esterhuyse) 'n eersteling-dogter op 25 Junie. Naas die Goeie Gewer ons innige dank aan dokter en suster.
5/7/1

BETREKKING GEVRA

Jong man met kennis van gemengde boerdery soek werk op 'n plaas buitekant die munisipale-gebied van Stellenbosch. Skryf aan Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad.
21/6/3B

GRYSHARE

GRYSHARE, skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur GRYSHARWONDER die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry. 5/- per bottel, geld met bestelling.—Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

Antigrysharstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. E14/6/50

MEDISYNE

GESONDHEID is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ont-

wortel, skryf, inligting gratis, Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daaglikse baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 3) 1/9/49

MARK AGENTE

Kamerade Aandag! As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings Bellingan, U.T.H., die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegetydig by Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuwe-plaas.
19/4/TK

BESIGHEID TE KOOP

Algemene Handelsaarsbesigheid en Goed geboude Woonhuis onder een dak bestaande uit: Winkel, Eet- en Sitkamer, 3 Slaapkamers, Kombuis, Garage. Warm en koue water. Word te koop aangebied te Weimarstraat 27, Parow.
Verkoper bereid om eerste verband te gee. Doen aansoek vir verdere besonderhede en prys by mnr. Pierre van Zyl, Ouditeur, Voortrekkerweg 161, Parow. Telefoon 988230. 14/6/4B

PLUIMVEE TE KOOP

ROSHANA PLUIMVEEPLAAS.—Lid van S.A.P.V.-Tellersregister. In besit Goewerments B.W.D. vry-sertifikaat. Wit Leghorn dagoud hennetjies 14, en dagoud haantjies 11/15/- per hunderd. Kulkens word geteel van uitgesoekte hennetjies met hoë produksie en hane van die Pretoria Universiteitsproefplaas geteel onder toesig van prof. Gericka. Skryf aan mev. A. Roscher, Posbus 9080, Johannesburg. Telefoon 52.3067. 31/5/3

MEUBELS

MEUBELS.—Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stoetkarretjies, driewiele, linoleums, tapye, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel.—VISSE-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435

VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

Direkteure:
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258, h/v Pretoriusstraat, PRETORIA.
Teëls (Vloer en Muur), Kombuis-opwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

Vooruitsigte Van Nuwe Voedsel In Atoomeeu

Sommige Amerikaanse wetenskaplikes voorspel 'n tydperk wanneer hedendaagse boerdery aan die verlede sal behoort net soos die kar en perd vandag en tafelbediendes sal aankondig: „Atoom-ete is opgeskep”. Die plaas sou dan vervang wees deur die fabriek waar voedsel gekweek sal word.

Honderde navorsingswerkers oor plase en in laboratoria's oor die hele V.S.A. is op die oomblik besig met nuwe atoomproefnemings i.v.m. plante- en dierelewe.

Volgens 'n verslag oor landboukundige atoomnavorsing, wat deur 'n agentskap van die departement van buitelandse sake versprei is, sal atoomnavorsing in die nabye toekoms goedkoper voedsel, groter oeste en goedkoper messtowwe moontlik maak.

SAGTER BEESVLEIS

Deur middel van beheerde radio-aktiwiteit sal heeltemal nuwe soorte oeste en lewende hawe moontlik gemaak word.

Daar is ook 'n moontlikheid dat atomiese navorsing in die toekoms so veel omtrent fotosintese aan die lig sal bring dat die wetenskap die natuur se voedselprosesse in die fabriek sal namaak.

„Daar word verwag dat atoomnavorsing in elke fase van boerderywerk belangrike ontwikkelings sal teweegbring.”

Wetenskaplikes verklaar dat die atoomstrale, Alfa-, Beta- en Gamma-uitstralings, die oorerflike eienskappe van plante en diere sodanig sal verander dat nuwe en waarskynlik beter tipes ontwikkel sal word. Afgesien hiervan sal sagter beesvleis geproduseer word deur die diere radio-jodium toe te dien.

VOORTPLANTING

Die gereedskap waarvan die wetenskaplikes gebruik maak om die geheime van plante- en dierelewe op te spoor, is „na-

speur-atome” — of radio-aktiewe isotope van stowwe soos koolstof, fosfor en stikstof.

Hierdie „naspeur-atome” word radio-isotope nadat hulle in 'n atoomfabriek gesplits is. Wanneer hulle dan in 'n plant of 'n diere ingespuut word, veroorsaak hulle uitstralings wat deur middel van Geiger-instrumente nagegaan kan word. Deur die veranderinge wat plaasvind in die „naspeur-atome” in die plant of diere, hoop die wetenskaplikes om uit te vind hoe die plant voedselbestanddele inneem, wat van hierdie voedselbestanddele word en hoe die plant voortplant.


PESTE

Binne 'n halfuur nadat 'n roos in 'n oplossing wat radio-natrium bevat, gedoop is, kan die pad van die „naspeur-atome” deur die plant deur middel van Geiger-instrumente nagegaan word.

Die navorsers het reeds vasgestel dat die boer sowat 90 persent van sy messtowwe wat hy in sy koringlande inwerk, verkwis. Hulle het bevind dat die fosfaat wat koring nodig het, alleen gebruik word as dit rondom die korrel geplaas word. As dit net 'n paar duim verder is, neem die plant dit nie in voordat dit al half uitgegroeï is nie.

Die atoom word ook benuttig in die stryd teen boerderypeste.

Ondanks al die proefnemings wat reeds gedoen is, bestaan daar nog groot verskil van mening onder wetenskaplikes oor die vraag of radio-aktiwiteit self die groei van plante en oeste bevorder of nie.



Besien Suid-Afrika—

beskerm deur

'n Motorpolis by



•SANTAM•
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.

Takke en Agentskappe Oral

2808-11a

Die Tyd Word Min!

Almal wat republikeine is . . .

Almal wat ware volkseenheid nastreef . . .

Almal wat 'n blanke toekoms soek . . .

het belang daarby dat Die O.B. deur soveel as moontlik gelees word.

Help ons om nog 'n intekenaar te kry en u skakel nog 'n krag by in die stryd vir volk en vaderland.

Vul onderstaande intekenvorm in en pos saam met geld aan Die Sekretaris, Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokketters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Het Verhaal Geniet

Mnr. J. de Bruin, Pretoria, skryf:

Graag wil ek my waardering uitspreek vir die interessante verhaal wat ons onder die opskrif „Ons is Kamerade” gelees het.

Ek het dit terdeë geniet, daar ek self in die tronk en die kamp was, en glo my ek sal die ander verhale met graagte wou lees, daar dit nie net 'n verhaal vir my is nie, maar ek heg baie sentiment daaraan. Geen ander leesstof is vir my van meer belang as wat ek in Die O.B.-koerantjie gelees het nie.

Goeie Wense

Mev. H. Welman, Ferndale, oor Johannesburg, skryf:

Ek wil tog net 'n paar woorde van waardering uitspreek om hulde te bring aan die K.G. Mag hy gou herstel om ons weer leiding te gee. Ook hulde aan mev. Van Rensburg wat die K.G. met hulp bygestaan het. Vorentoe, hou moed!

VERVOERDIENS

Vir algemene karweewerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355

PAROW

Belê veilig en voordelig

4½%

op onbepaalde termynaande

4%

subskripsie - aande

Betaalbaar uit beskikbare winste

Vaste deposito's tot 3½%

Spaarrekeninge - - 2½%

op daaglikse saldos

Kom spreek ons by ons naaste kantoor of skryf om ons gratis brosjure wat u alle inligting sal verstrek.

SAAMBOU

(PERMANENTE)

BOUVERENIGING

Hoofkantoor:
SANLAM-GEBOU WAAL-
STR., KAAPSTAD.
Ook te: Bellville, Bloemfontein en Pretoria.

BATE OORSKRY
£1.800.000



Gevaarlike Neiging Om Net Te Dink Aan Eie Welvaart

Verskillende dele van die bevolking kla al harder oor die druk van die lewenskoste, en terwyl die een groep aandrŕng op hoër lone, ywer die ander vir hoër pryse, sonder om ag te slaan op die nood en behoeftes van volksgenote in ander groepe. Die Ossewabrandwag het 'n leuse: elk vir almal en almal vir elk, en daarom is dit goed dat sy lede 'n breër uitkyk handhaaf as diegene wat net teer op eie belang. In die Junie-uitgawe van Commercial Opinion kom in 'n artikel oor die ekonomiese toestand onder meer die volgende paragraaf voor:

„Die verbruikers was in die jongste tyd baie luidrugtig, en hul toestand was so vanselfsprekend as wat dit ernstig is. Die gereelde inkomste van werknemers van alle soorte het 'n neiging geopenbaar om in die afgelope paar jaar nie meer te styg nie omdat toestande verhogings nie prakties gemaak het nie... Maar gedurende die afgelope twee of drie maande was daar 'n reeks prysverhogings totdat mens begin wonder hoe naby aan die kameel se rug die laaste strooitjie is wat dit gaan breek...

STYGING VAN 33%

„Die gemiddelde stedelike inkomste van 'n blanke gesin was ongeveer £360 in 1941. Sover bekend bestaan daar geen latere statistiese gegewens nie, maar vir die doel van hierdie artikel kan aangeneem word dat dit vandag £480 is (d.w.s. 'n styging van ongeveer 33%), hoewel dit waarskynlik minder is. Geen intelligente verstand verg sosio-mediese statistieke om te besef dat hierdie inkomste geen ruimte vir verdere stygings in lewensbenodigdhede bied nie. In die Junie-uitgawe van Volkshandel verskyn 'n volledige toespraak van prof. C. G. W. Schumann gehou op 'n kongres van koöperatiewe verenigings waarin die spreker op die gevaar wys dat elke groep in die samelewing geneig is om homself as die belangrikste te beskou en sodoende nie nugter genoeg die land se ekonomiese posisie in sy geheel in ag neem nie. Hy noem dan 'n paar interessante gegewens wat werd is om ag op te slaan:

109% STYGING

„Gedurende die afgelope dekade het ons land 'n voorspoed belewe soos haas nooit tevore nie. Die nasionale inkomste het tussen 1937 - 8 en 1947 - 8 toegeneem van £375 miljoen tot £784 miljoen of met 109%. Maar die verhoogde inkomste is nie eweredig tussen alle klasse verdeel nie. In baie gevalle het die verdienstes van loonarbeiders meer as eweredig toegeneem. Die boeregemeenskap het tussen 1925 en 1936 sy maer jare gehad, maar gedurende die afgelope dekade besonder goed gevaar. Tussen 1937-8 en 1947-8 het die netto-inkomste van almal werksaam in die landbou en visserye toegeneem van £45 miljoen tot £122 miljoen of met 170% in vergelyking met 109% vir die hele volkswyn. Oor dieselfde jare het die volume van plaasprodukte geproduseer toegeneem met grofweg 18%, maar die waarde, of

bruto-inkomste van die boeregemeenskap het gestyg van £62 miljoen tot £177 miljoen of met 175%. Die prysindeks vir die vernaamste landbouprodukte het naamlik gestyg met 133%. Vir 1949 het die prysindeks vir die vernaamste landbouprodukte selfs gestyg tot 272 in vergelyking met 185 vir die groothandelsprys van alle produkte. Of produksiekoste so gestyg het dat boeregemeenskap vandag net 'n

Mediese Sake

METAALPOMP DOEN WERK VAN HART

'n Kunsmatige hart — 'n meganiese pomp — wat deur 'n Clevelandse geneesheer, dr. Claud Beckheart, uitgevind is, het verlede week die lewe gered van 'n 75-jarige man wie se hart gaan staan het tydens 'n operasie. Dit was die eerste keer dat die uitvindsel gebruik is. Toe die dokter bevind dat die pasiënt se hart gaan staan het, het hy die hulp van die uitvinder ingeroep wat dadelik 'n rib verwyder en sy apparaat, 'n lugledige metaalbuis, toegepas het. Dit het bloedsomloop weer in werking gebring, en die pasiënt se hart het weer begin klop.

MIDDEL TEEN MELAATSHEID

Bemoedigende resultate deur die behandeling van melaatses met sekere sulfoniese middels word uit Maleia berig. Aanvanklik is dit twee jaar gelede by wyse van proefneming toegedien, maar vandag word al die inwoners van die inrigting daarmee ingespuut. 'n Onlangse ondersoek het aan die lig gebring dat uit 'n verteenwoordigende groep van die melaatses 96% 'n merkwaardige beterskap toon terwyl die siekte in die geval van die res tot stilstand gebring is. Daar word vermoed dat daar ongeveer 50,000 melaatses in Maleia is, en die mening bestaan dat die siekte binne 'n geslag uitgeroei kan word met 'n stelselmatige veldtog.

BESTRYDING VAN POLIO IN VOORUITSIG

Die Amerikaanse nasionale stigting vir kinderverlamming

redelike vergoeding ontvang vir sy produktiewe arbeid — daarvoor kan ek hier nie 'n finale uitspraak gee nie.”

GEVAAR VAN SELFSUG

Ten slotte het die spreker beklemtoon dat die langtermyn welvaart van die land bepaal word deur doeltreffende en goed georganiseerde arbeid en nie deur gedurige agitatie vir hoër lone of hoër pryse nie.

„Indien elke groep in ons land net daarop uit is om die grootste deel van die koek vir homself te probeer toeëien, en indien die landsbeleid later diktator moet word slegs deur politieke druk van sterk magsgroepe, dan moet dit uiteindelek uitloop op 'n diktatoriale gesagstaat waarin baie van ons vryhede sal moet verdwyn.”

verklar in sy jaarverslag dat sy navorsers „belowende leidrade gevind het wat daarop dui dat middels, serums en entstowwe teen polio almal binne die moontlikheidsfeer is.” Die probleem is egter nou: Water van hierdie middels kan prakties dien om die siekte te beheer?

Die jongste ontwikkelinge in polionavorsing word soos volg opgesom: Dat daar vir die eerste keer geslaag is om die polio-kiem in proefbuisies te kweek sonder die hulp van senuwees; die indeling van drie verskillende soorte polio-kieme; verbeterde tegniek van herstel van aangetaste spiere en beter meganiese metodes om die aantal pasiënte wat aan permanente gevolge ly, te verminder.

(Vervolg van kolom 5)

waartse beweging, veral waar die verhoogde winste verdere uitbreiding regverdig. Dit was vir die Voorsitter dan ook 'n genoeë om die stigting van twee nuwe takkantore te kon aankondig — die nuwe takkantoor in Bellville is op 1 Mei 1950 geopen en dié in Bloemfontein op 1 Junie 1950.

SAAMBOU beskik dus nou oor kantore in Kaapstad, Pretoria, Bloemfontein en Bellville, en plaaslike agentskappe oor die lengte en breedte van ons land.

DIREKTEURE

Dr. Louw het ook sy innige dank uitgespreek aan sy mededirekteure vir hul pligsgetroue aandaag aan die sake van die Vereniging. In besonder het hy dr. Moerdyk gelukgewens met die voltooiing van sy groot werk, die Voortrekkermonument, en die toekenning aan hom van 'n ere-doktorsgraad. Dr. Moerdyk was ook een van die stigters en eerste Voorsitter van hierdie Vereniging.

PERSENEEL

Tot bestuurder van die Bloemfontein-takkantoor is mnr. A. H. de Wet benoem en in Bellville is aangestel mnr. A. J. van Rooy, wat reeds 'n geruime tyd in diens van die Vereniging staan.

Dr. Louw het ook sy dank betuig aan die bekwame en ywerige Hoofbestuurder, mnr. J. P. Theron, aan die hele personeel en ook aan die plaaslike verteenwoordigers wat so groteliks tot die resultate bygedra het.

MAATSKAPPYVERGADERING

SAAMBOU (PERMANENTE) BOUVERENIGING

Publiek Dra Alleen By Tot Uitbreiding Van Kapitaal

Opsomming van toespraak van dr. M. S. Louw, Voorsitter van SAAMBOU (Permanente) Bouvereniging, soos gehou op die agtste jaarvergadering van hierdie maatskappy op 23 Junie 1950 in die Raadsaal, Sanlam-gebou, Kaapstad.

BATE

Die bate van die Vereniging het gedurende die jaar met £537,492 toegeneem en het aan die einde van die jaar £1,700,461 bedra.

VERBANDLENINGS

Daar was weer 'n sterk vraag na verbandlenings en die fondse wat ontvang is, kon teen baie goeie sekuriteit belê word. Op 31 Maart 1950 het die totale verbandlenings op £1,322,479 te staan gekom teenoor £961,739 aan die einde van die vorige boekjaar.

VLOEIBARE FONDSE

Vloeibare fondse, bestaande uit effekte en kontant, het aan die einde van die jaar £361,031 beloop. Dit is £99,823 meer as wat deur die wet op Bouverenigings vereis word. Die boekwaarde van effekte wat teen inkoopprys of minder opgeneem is, bedra £273,676 teenoor 'n markwaarde op die sluitingsdatum van £257,445. Die gee 'n aanduiding van die daling van die markwaarde van regerings- en ander effekte as gevolg van die styging in die rentekoerse. Die Direkteur was in staat om die hele verskil uit die winste van die afgelope jaar uit te wis deur die stigting van 'n beleggingsreserwe van £17,000. Alle aanduidings wys op 'n stabilisering van rentekoerse op sy huidige peil vir die teenswoordige, sodat dieselfde ruime voorsiening vir 'n daling van die markwaarde van effekte aan die einde van die lopende boekjaar waarskynlik nie nodig sal wees nie.

AANDELE EN DEPOSITO'S

Gedurende die vorige boekjaar het Sanlam Beperk £100,000 bygedra tot die aandeelkapitaal van SAAMBOU en die publiek £92,767. Gedurende die boekjaar geëindig 31 Maart 1950, het die publiek egter £143,577 by wyse van kapitaal voorsien, sodat Sanlam nie vir 'n verdere inskrywing genader is nie. As onthou word dat SAAMBOU nie 'n enkele voltydse werwer in die veld het nie, is die toevoeging van hierdie bedrag tot die aandeelkapitaal deur die publiek in hierdie moeilike tyd, 'n goeie aanduiding van die vertroue wat in SAAMBOU gestel word. Op die sluitingsdatum het die aandeelkapitaal £530,236 bedra.

Gedurende die afgelope jaar is £369,954 aan Vaste Deposito's en Spaarrekenings bygevoeg, en die totale deposito's het op 31 Maart 1950 £1,132,100 bedra.

WINS

Die inkomste vir die jaar het £77,773 bedra. Rente op deposito's het £33,177 in beslag geneem en administrasiekoste, kommissie, kantooruitrusting, motorkarre en hydraes tot die personeelpensioenfonds 'n verdere £13,998, sodat die wins op £31,693 te staan kom. Hierby kom nog 'n onverdeelde wins van £2,128, oorgedra van die vorige boekjaar en £904, afkomstig uit premie en diskonto op regerings-effekte. Die bedrag vir toeëiening bedra dus nou £34,725.

Die Direksie beveel aan dat die beskikbare surplus soos volg verdeel word: Vermeerdering van die Statutêre Reserwe ... £3,169 4% Dividend op Onbepaalde Termynaande 16,983

4% Dividend op Subskripsieaande ...	100
Na reserwe vir verdere vermindering van die boekwaarde van Staats- en ander effekte ...	11,000
Bonus aan Personeel ...	465
Om oorgedra te word na die volgende boekjaar	3,008

£34,725

RESERWES

Afgesien van die debitering van alle uitgawes ten opsigte van kantooruitrusting en motorkarre teen lopende uitgawe, is 43.6% van die jaar se wins gebruik om die reserwes te versterk.

Die reserwes vir die waardevermindering van effekte is verhoog met 'n verdere £11,000 na £17,000. Die statutêre reserwe beloop £7,346.

VERHOOGING VAN DIVIDENDKOERS

Die Direksie meen dat die tyd nou aanbreek het dat 'n groter deel van die winste aan beleggers toegeken moet word. Gevolglik is besluit om Onbepaalde Termynaande vanaf 1 April 1950 teen 'n dividendkoers van 4½% per jaar uit te reik. Dit sal beteken dat vanaf 1 April en tot verdere kennisgewing, dividende op alle Onbepaalde Termynaande teen 4½% per jaar sal wees. Dividende is natuurlik slegs betaalbaar uit winste, maar daar is geen rede om te vrees dat hierdie verhoogde dividendkoers nie gehandhaaf sal kan word nie.

Die dividendkoers op Subskripsie-aande bly onveranderd op 4% per jaar. Rente op deposito's is soos volg:

Vaste Deposito's	
Termyn: 12 tot 23 maande ...	3½% per jaar;
Termyn: 24 tot 35 maande ...	3½% per jaar;
Termyn: 36 tot 60 maande ...	4% per jaar.

Spaarrekenings: Bereken op die daaglikse saldo 2½%

BELEGGINGSBELEID

Die Direksie is besonder noulettend wat die toestaan van verbande betref. Hoe doeltreffend hierdie beleid toegepas is, kan aan die volgende geoordeel word. Gedurende die eerste agt jaar van sy bestaan, het SAAMBOU geen enkel pennie verlies gely as gevolg van die verpligte oorname van eiendomme nie. 'n Verdere bewys is dat van die agterstallige paaielemente wat op 31 Maart 1950 £1,036 bedra het, slegs £317 vir meer as een maand agterstallig was.

VOORUITGANG

Die onderstaande tabel toon die vooruitgang van SAAMBOU sedert 1945 aan:

Jaar geëindig		
31 Maart:	Bate:	Wins:
1945	£223,292	£1,145
1947	£399,535	£6,912
1949	£1,162,969	£20,961
1950	£1,700,461	£31,693

Soos reeds gemeld, het die publiek vanjaar alleen bygedra tot die uitbreiding van die kapitaal van SAAMBOU. Met hierdie volgehoute ondersteuning, is sy toekoms meer as verseker.

TOEKOMSPANNE EN VOORUITSIGTE

Die groei van SAAMBOU en die omvang wat hy in die kort tydperk van agt jaar bereik het, toon duidelik dat die fundamente vir nog 'n groot Afrikaanse finansiële instelling stewig gelê is. Die Direksie is dus oortuig dat die tyd ryp is vir 'n voor-

(Vervolg in kolom 3)

O.B. JAARGANGE

JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.

VOORRAAD BEPERK

BESTEL DUS DADELIK BY:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

NUWE WEG SAL BEPROEF MOET WORD IN S.A.

Die Afrikaner het die geestelike leier in Afrika geword en die voortbestaan van 'n Wes-Europese beskawing in Afrika hang grootliks van hom af, het dr. T. E. W. Schumann verlede week in 'n referaat voor die S.A. Akademie vir Kuns en Wetenskap gesê. Hy het beklemtoon dat die Engelsprekendes in ons land alleen dan tot 'n volk kan ontwikkel as hulle in die loop van die tyd tot een volk met die Afrikaner saamgroeï, maar dat dit sal moet geskied langs 'n weg wat nog nie voorheen beproef is nie.

Dr. Schumann het 'n oorsig gegee van die Afrikaner se ontwikkeling op volksgebied en daarop gewys dat hy tot 'n welvarende en selfstandige volk ontwikkel het wat net een tuiste ken, in teenstelling met ander blanke volksgroepe in Afrika wat nog aan 'n moederland dink as 'n eventuele toevlugsoord. Daarom is die Afrikanervolk die leidende volk in Afrika. Ten einde daardie taak uit te voer is dit nodig dat Suid-Afrika so selfstandig moontlik gemaak moet word. Die Afrikaner het geword die denker en beplanner van die land se toekoms, soos ook blyk uit die feit dat hy, wat 'n landbouende volk was, so 'n verbete stryd gevoer het vir die vestiging van 'n staalnywerheid en ander nywerhede in Suid-Afrika.

BEREIKBAAR MITS . . .

„Die Afrikaner skyn nugter genoeg te wees om te besef dat die gesamentlike kragte van alle blankes nodig is om die brandende landsvraagstukke die hoof te bied. Met dit is hy egter diep oortuig dat die begeerte samewerking, wat in die verlede nagestreef maar nooit bereik kon word nie, soos o.a. blyk uit die feit dat die twee groot politieke partye tans byna volkome op rassegrondslag verdeel is, beslis bereikbaar is.

„Volgens sy opvatting kan dit egter slegs bereik word langs 'n weg wat nog nie voorheen in Suid-Afrika beproef is nie, naamlik die weg wat die Verenigde State van Amerika baie jare gelede besluit het om in te slaan, en waaraan daardie land sy fenomenale opgang te danke het.” Totsover dr. Schumann.

In die manifest wat verlede week deur die uitvoerende raad van die Ossewabrandwag uitge-reik is, word verklaar:

„Die hoofsaak wat die Afrikanervolk moet verrig, is onge-

twyfeld om as leier in Afrika op te tree.”

Verder het die manifest beklemtoon dat die partypolitiek die stryd tussen Afrikaner en Engelsman bestendig, terwyl „die historiese taak wat in Suid-Afrika verrig moet word, is die opbouing van een Afrikanervolk met een trou (wat) sowel die Afrikaanssprekende as die Engelsprekende blankes omvat.”

„Die stryd moet beslis word en wel ten gunste van vryheid en die beslissing moet vasgelê word in die partylose Republiek van Suid-Afrika,” aldus die manifest.

Tyd Word Min

Die einde van die derde sitting van die tiende parlement herinner daaraan dat die sandjies in die glas van die huidige bewind reeds halfpad uitgeloop het. Daar bly nog maar bietjie meer as twee jaar oor om die draaiende wiel van die Britse parlementêre stelsel deur 'n bestendige regeringstelsel ooreen-komstig ons Afrikaanse tradisie te vervang.

Volk Begin Teer Op Spaargeld

'n Aanduiding dat die hoë lewenskoste die volk se spaargeld begin opslurp, word gevind in die verslag van die kantoor van Sensus en Statistiek in Pretoria. Dit toon aan dat die totale bedrag wat deur die Posspaarbank gehou word met £31 miljoen die afgelope jaar gedaal het. Teenoor die bedrag van £82,584,000 wat in Januarie 1949 in die Posspaarbank namens die publiek gehou was, is die bedrag in Januarie 1950 £79,048,000. Daar is in Januarie £179,000 meer geld getrek as ingelê. Die-selwe geld vir spaarsertifikate.

Aan die Nuusfront

MERKWAARDIGE VROU BESOEK S.A.

Dr. Helen Keller, een van die merkwaardigste persone in die geskiedenis sal aanstaande jaar 'n besoek aan Suid-Afrika bring. Sy is reeds sewentig jaar. Kort na haar geboorte het sy blind en doof geword, maar ten spyte van hierdie gebrek het sy 'n voortrefflike loopbaan gevolg en selfs 'n doktorsgraad behaal het. Soos 'n doofstomme en blinde moes sy aanvanklik onderrig word, maar vandag ken sy verskillende tale en beskik oor 'n buitengewone algemene kennis. Sy is ook die skryfster van 'n paar boeke.

Dinamiet wat, na gemeen word, tydens die rebellie van 1914 begrawe moes gewees het, is verlede week op 'n werf in Krugersdorp uitgegrawe. Dit was toegedraai in koerante met die datum 5 Desember 1914 en 11 Januarie 1915.

Whisky en ander soorte drank

sal weer ingevoer kan word, volgens 'n amptelike aankondiging. Daar word verklaar dat die verlies aan invoerregte aanleiding tot die besluit gegee het.

Alle Indiërs wat op 26 Junie deelgeneem het aan die proteststaking teen sekere wette wat deur die parlement aangeneem is, moet ontslaan en vervang word deur naturelle, volgens 'n aanbeveling van die geldelike komitee van die Durbanse stads-raad.

Die oproep om te staak, is hoofsaaklik deur Indiërs gehoor-saam en het byna geen uitwer-king in ander stede as Durban gehad nie.

'n Geselskap Franse bergklim-mers het verlede week die hoogste bergtop in die Himalaja-gebergte — die Anapoerna van 26,465 voet — bestyg. Dit is die hoogste wat mense nog ooit beklim het.

Minister Se Poging

Die Britse minister van oor-log, John Strachey, dat tot 1940 'n uitgesproke Kommunist was, het verlede week te velde ge-trek teen die Schuman-plan wat groter Europese eenheid beoog. Hy het die plan „'n sameswe-ring van Europese kapitaliste” genoem en gesê dat dit die Britse Arbeiders se plig is om dit aan die kaak te stel.

Hierdie uitlating van 'n voor-malige Kommunist is een van die driftigste openbare sabota-sie-pogings tot sover teen groter Europese eenheid.

Mnr. G. Retief Oorlede

Ernst Gustav de Villiers Retief is op Sondag, 2 Julie, heen-gegaan aan sy woning op Bell-ville in die ouderdom van 59 jaar na 'n smartvolle lyding van betreklike kort duur.

Vir die Ossewabrandwag be-



MNR. G. RETIEF

teken sy heengaan 'n harde slag, veral vir Generaalskap A2, waar hy sedert die vroegste jaar as generaal gedien het tot on-langs, toe hy weens sy gesond-heidstoestand verplig was om af-stand te doen van sy werksaam-hede.

Die van ons wat meer intiem aan hom verbind was onthou sy vriendelikheid, sy eerlikheid, sy opregtheid, sy onvervalste vriendskap, sy liefde tot sy medemens, veral die minder be-voorregtes aan wie hy menig-maal met 'n ruim hart uitge-deel het.

Wat die besoeker by sy siek-bed meeste getref het, was sy buitengewone geloofsoortuiging en sy opgeruimtheid selfs na-dat die erns van sy toestand tenvolle aan hom bekend was, en menig een wat gekom het om hom te troos, het instede daar-van troos by hom ontvang.

Aan sy eggenote en twee seuns, Ernst en Izak, wat hy na-laai, wil ons van ons diepste meegevoel verseker en ons bede is dat die Here hulle soos in die verlede sal vertrou en ver-sterk op die pad wat voorlê.—(Namens Generaalskap A2)

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaap-stad.

ATOOMKRAAG INGESPAN VIR SKEPE

Kort op die hakke van die be-rig uit Washington dat die Amerikaanse senaat se verde-digingskomitee 'n wetsontwerp goedgekeur het vir die vervaar-diging van die wêreld se eerste duikboot wat met atoomkrag sal werk, is van Engelse kant be-kend gemaak dat wetenskap-likes hoop om binne tien jaar die eerste skip wat deur atoom-krag aangedryf sal word, gereed te hê. Een groot vraagstuk op die oomblik is nog dié in ver-band met gewig. Weens die ge-vaar van radio-aktiewe strale moet die atoomenergie tussen dik betonmure gehou word.

Daar word gemeen dat atoom-krag vir nywerheidsdoeleindes in die loop van die volgende agt of tien jaar ingespan sal kan word.

Inmiddels is uit Amerika be-rig dat die regering besluit het om 'n intensiewe studie te laat maak van die plantelewe met behulp van atome. Na verklaar word, sal hierdie navorsings-werk nuwe en waardevolle inlig-tig verstrekkende baie fundamentele aspekte van grond- en plantevoeding.

Durban Het Hoogste Teringsyfer In Wêreld

Volgens gegewens wat deur die S.A. Teringvereniging ver-strek word, is die sterftesyfer aan tering in die groot kusstede van die Unie vyf, tien en twaalf maal hoër as in Europese stede soos Amsterdam en Londen.

Vir baie mense wat nog steeds onder die indruk verkeer dat Suid-Afrika 'n toevlugsoord bied op hierdie gebied, sal dit 'n ontugtering wees om te weet dat in Durban byvoorbeeld 384 persone uit elke 100,000 aan tering sterf in vergelyking met slegs 32 in Amsterdam, 64 in Londen, 135 in Warskou en 17 in Toronto. Die syfer vir Kaap-stad is 320. Slegs die Maleise hawestad, Singapoer het 'n hoër sterftesyfer as Kaapstad, maar sy 340 is selfs nog laer as die van Durban.

Dit blyk dat naturelle met 'n sterftesyfer van 870 per 100,000 die vatbaarste vir die siekte is. Die kleurlinge volg tweede op die lys met 520; die Indiërs derde met 230 en die blankes laaste met 32.

TEVERGEEFS HET HULLE GEWAG . . .

Pappie het nie weer gekom nie



Gereeld het hulle smiddags laat vir Pappie ingewag en hom by die hek gaan haal—'n ou gewoontetjie van hulle.

Dié noodlottige dag het hulle weer soos op ander dae gewag . . . maar tevergeefs. Iemand het naderhand met die treurige tyding gekom— „'n ongeluk . . . hospitaal-toe . . . te laat!”

Nou was dit nêr hulle—die weduwee en haar vaderlose kinders.

Pappie se liefde en sorgsaamheid sou egter nou nog 'n troos vir hulle wees: die Weduwees-Pensioenpolis wat hy 'n paar jaar tevore by Sanlam uitgeeneem het, sou voortaan vir hulle sorg . . .

● Sou U ook nog kan sorg, al is u self nie meer daar nie? Of is hulle nog blootgestel aan die gevaar van behoefte as u sou wegval? Vra VANDAG hoe-dat Sanlam vir u en hulle kan beskerm.

Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.

Hoofkantoor:

Waalstraat 28, Kaapstad. Takke en Agentskappe Oral.



Daar was uitkoms by Sanlam!

Sanlam, Afdeling 17c, Posbus 660, Kaapstad.

Laat my asb. dadelik weet hoe u my kan help om vir 'n toereikende Weduweespensioen voorsorg te maak.

NAAM:

ADRES:

.....

Beroep:..... Ouderdom volgende Verjaarsdag:..... 53